

## Meer as 1000 mense by fondsinsamelingsfunksie

Die vier manne van die Romanz-groep het die meer as 1000 mense Saterdagmiddag meer as een keer op hulle voete gehad met hul begeesterde sang. André Venter, Louis Look, Adam Barnard en Burgerd Botha het behoorlik uitgahang.

Die geleentheid is deur streek Kiepersol in medewerking met die kerkjeug van Pierre van Ryneveld Gemeenskapskerk aangebied. Bekende Afrikaanse liedere soos *'Reik na die sterre'* en *'Neem my op vlerke'* wat oorspronklik deur Bles Bridges en Anneli van Rooyen bekend gemaak is was baie gewild. Nog 'n gunsteling was *'Sweef soos 'n arend'* wat deur Mynie Grové geskryf is.

Die temalied van die flik *Top Gun* (1986) naamlik *'Take my breath away'* het aangename herinneringe gewek. Die waarderende gehoor is verder getraakteer op meesleurende melodieë wat ideaal by hulle stemme pas. Treffers soos *'Bridge over troubled waters'* wat die gedagtes terugvoer na *Simon en Garfunkel* asook *'Angels'* (Robbie Williams) en *'Everything I do'* wat ons deur die rasperstem van Brian Adams leer ken het is uitgevoer. Die liedjie *'From a distance'* (Bette Midler) se lirieke is deur Louis Look, een van die Romanz-manne, in perspektief geplaas.

Toe *'Genade onbeskryflik groot'* aan die beurt kom, was die groot gehoor weer op hulle voete en het spontaan saamgesing. Die dak van die auditorium het byna gelig en die inwoners van Pierre van Ryneveldpark kon seker hoor hoe die HERE geloof en geprys word. Net daarna was die skare asof versteen toe die rou klanke van "Houtkruis" weerklink het. Hierdie liedjie, wat al as die beste oorspronklike geestelike lied in Afrikaans beskryf is en deur *Prophet* (Koos van der Merwe en Theo Geysler) geskryf en bekend gemaak is, is al deur baie kunstenaars opgeneem maar Romanz het 'n uitstekende vertolking daarvan gegee.

Die geleentheid is deur Jurie Dreyer en mede dagbestuurslede Chris Delpont, Willie Bronkhorst en André Knoetze asook hulle gades bygewoon. Verder was die voorsitter van Gebied Jakaranda, Pieter van Biljon, en sy gade asook streekvoorsitters teenwoordig. Hennie Ferreira, voorsitter van streek Kiepersol, wat die funksie geïnisieer en georganiseer het, het sy tevredenheid met die afloop daarvan uitgespreek.

"Kiepersolde het baie hard gewerk om kaartjies aan veral mense buite Sawa te verkoop. Ons streek sal in die toekoms weer moet poog om die breë publiek by ons fondsinsamelingspogings te betrek omdat lede dit nie alleen kan doen nie en dit ook nie volhoubaar is nie," het Hennie gesê. Hy het weer 'n beroep gedoen dat nasionale geleenthede soos die Presidente-saamtrek wat oor die Paasnaweek gehou word, bygewoon en ondersteun word.

Die nasionale voorsitter, Jurie Dreyer, het gesê dat dit 'n baie mooi geleentheid was wat goed georganiseer is. Die gebiedsvoorsitter, Pieter van Biljon, het daarby aangesluit en gesê dit was 'n lofwaardige poging waarby ook die gebied en streke gebaat het. Streekvoorsitters het dit beaam.



Kittie en Jurie Dreyer, Willie en Elma Bronkhorst, Juliana en André Knoetze, Willem en Maria Nordejé



Louis Looek, Adam Barnard, Hannie Ferreira, Burgerd Botha, Hennie Ferreira en André Venter



Johanna en Pieter van Biljon, Fanie Venter en Jurie Dreyer



Johanna en Pieter van Biljon, Fanie Venter, tannie Lettie Leach en Johann Lemmer



Sonja de Jongh saam met Burgerd Botha en Louis Looek



Hannie en Hennie Ferreira, Sonja en Willem de Jongh



Hennie Ferreira, Jerome Henning, Louis en Madelein vd Berg en voor Jannus, Stian en Marina



Joyce en Emmo Wilsenach, Willem en Sonja de Jongh